

JY EN JOU BEKOMMERNISSE VAN DIE LEWE**Lees:** Matteus 6:24-34**Fokus:** Matteus 6:28**Tema:** Let op hoe God sorg!

Die bekommernisse van die lewe is baiekeer vir ons 'n meulsteen om die nek – dit trek ons af ondertoe. En ons lewenstyl weerspieël ons bekommernisse. Ons lewens vandag is 'n gekompliseerde gejaag van die oggend tot die aand, want as ek niks doen nie – so werk ons koppe – dan gaan daar niks gebeur nie, en daarom swoeg ons dag na dag met hierdie inherente kommer in ons onderbewussyn. Ons vergeet egter dat God ook aan die werk is. Ons vergeet dat God tot soveel meer in staat is as wat ons met ons eie kragte kan uitrig.

Dit is tog so dat God aan die mens 'n verantwoordelikheid gegee het om te doen wat Hy oor ons weg bring om te doen. Maar God leer hier dat Hy ook aan die werk is, dat Hy ook doen, dat Hy ook optree en werksaam is in sy skepping en in ons lewens.

“Let op hoe groei die veldlelies”. Kyk na God se wonders in die natuur.

Ons leef so dikwels verby hierdie pragtige en doodeenvoudige wonders om ons heen en ons kyk dit mis. Ons moenie die beskikende hand van Here net in die groot dinge wil soek nie. Ons moenie net groot dinge wil sien om te dink: Nou werk die Here eers nie. Die werking van God lê ook in die klein dingetjies van die lewe.

Let op hoedat jaar na jaar verbygaan (weliswaar nou weer wintertyd, en nie hoe nie, veral vandag) en daar steeds ordelikheid in die ritme van die natuur en die seisoene is. Let op hoedat ons, ondanks ons bekommernisse, steeds gevoed en geklee kan wees. Let op hoedat die son elke oggend opkom om God se wonderlike skepping daarbuite te verlig.

Let op hoedat God stil en stelselmatig aan die werk is om alles te klee en te voed – so klein soos die veldlelies. Hoeveel te meer sal hy nie ons klein en nietige lewens versorg en klee en voed nie? Let op hoedat God alles wat Hy geskep het, in sy hande hou, dit voed, dit klee, dit versorg. Hoeveel te meer nie vir sy kinders nie. God het die grootste gawe denkbaar geskenk, sy enigste Seun. Let daarop hoedat God sy Seun in ons plek aan die kruishout laat offer het.

“Let op hoe groei die veldlelies”. Let op en sien hoe wonderlik sorg God vir hulle! Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. Let op God se genade. Let op sy liefde. Let minder op jouself. Let meer op God!

Dr. Sarel van der Walt



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 12 Junie 2011

Nommer 17

Die 61-kilometer-per-uur-leefwyse

Dis 'n eienaardige verskynsel. As die spoedbeperking in dorpe en stede 60 kpu is, dan ry mense graag 61⁺ kpu. Jy vind nooit dat mense genot daaruit put om een kilometer stadiger as die spoedgrens te ry nie, maar blykbaar is daar by mense 'n onkeerbare drang wat alleen bevredig kan word as hulle perke of grense oortree.

En nou kry ons hierdie verskynsel in elke faset van die lewe. Mense wil in hulle lewe nie meer duidelike beginsels handhaaf en eerbiedig nie, maar oortree en buig hulle standpunte met 'n 61-kilometer-per-uur leefwyse. Dit wil sê beginsels word maklik oortree, standpunte sonder huiwering gewysig en grense willekeurig verlê.

'n Verkleurmanneltjie sal sy storie moet ken om so vinnig van kleur en standpunt te verwissel soos die moderne gejaagde mens. Die ou mense sou so 'n mens 'n twee-gat-jakkals noem: Keer jy by die een gat in 'n poging om hom te vang, dan kruip hy op 'n ander plek uit die grond uit – maar kom, kom hy terug.

Hierdie lewenswyse word soms genoem:

“with it”.

Die gelowige moet egter in alles wat hy doen die grense ken en gehoorsaam. Jy moet 'n **standpunt-mens** wees met 'n 60-kilometer-per-uur-lewe!! Omdat jy 'n standpunt-mens is, is jy anders in 'n wêreld waar alles eenders geword het. Liewer dan anders wees vir Jesus as in alles eenders vir die Satan.

Dr. Nico van der Merwe



PREKE VANDAG

Dr. Sarel van der Walt



Oggenddiens Tema: MET DIE TROOSTER GAAN ONS DIE TOEKOMS IN

Lees: Johannes 14:1-31

Teks: Johannes 14:15-17

Op Pinksterdag is die Heilige Gees uitgestort oor die Kerk van Christus. Die kerk het 'n Trooster, en dit is die Gees van God. Hierdie Trooster, wat deur Jesus in hierdie gedeelte beloop word en wat op Pinksterdag oor die kerk uitgestort is, troos ons met die troos van die eerste Trooster; troos ons met die troos van die evangelie; troos ons deur die volle omvang van die krag van Jesus se verlossingswerk in ons lewens in te dra. Hierdie Trooster, die Heilige Gees, troos ons met die wete dat die toekoms pad beloop is met die genade van God, en dat God self ons naby is op hierdie toekoms pad wat Hy voor ons voete uitgelê het.



Aanddiens Tema: EK GLO!

Lees: 2 Timoteus 3:10-4:8

Teks: 2 Timoteus 3:16 Heidelbergse Kategismus Sondag 7

(1) Wie glo? Word al die mense wat in Adam verlore gegaan het, in Christus salig? Nee, almal gaan nie glo nie. Net hulle wat deur God uitverkies is en wat op grond van hulle uitverkiesing deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word en al sy weldade aanneem. Die uitverkiesing van God vorm dus die grondslag van my geloof. (2) Wat is geloof? Geloof is 'n gawe van God. Maar jy kan nie glo as jy die God in wie jy glo, nie ken nie. Daarom sê die Kategismus is geloof 'n vasstaande kennis van alles wat in die Bybel staan. Die tweede bestanddeel van 'n ware geloof is 'n vaste vertrouwe wat ons met groot sekerheid laat sê: Die verlossing deur Christus is ook vir my. (3) Wat glo jy? Die inhoud van ons geloof is "alles wat in die evangelie beloop word" en hiermee word bedoel die hele Bybel.



VANAF DIE DIAKONIE

- Die diakonie doen 'n dringende beroep op lidmate om asseblief kennis te neem van 'n gesin in ons gemeente met besondere unieke en langtermyn mediese omstandighede waarvan die finansiële omvang van so 'n aard is dat dit nie deur die lidmate self gedra kan word nie en wat ook nie op die lange duur deur die diakonie gedra sal kan word nie. Indien dit vir enigiemand moontlik is om 'n donasie/bydrae/skenking te maak vir hierdie doel, kontak asseblief met Kobus Booysen (die diakonievoorsitter, 082 446 1211 | jbooysen@anglogoldashanti.com). Dit sal hoog op prys gestel word en absoluut vertroulik hanteer word.
- Die diakone vra vriendelik dat enigiemand wat 'n DVD opname van enige preek wil hê, asseblief hul eie skoon DVD sal saambring sodat die preek direk na die diens daarop geskryf kan word en jy dit dan sommer klaar kan saamneem huis toe.



RESIDENTIA STIGTING

Die Direksie van die Residentia Stigting nooi hiermee toepaslike gekwalifiseerde/ervare persone om aansoek te doen vir die pos van:

**Skemabestuurder Mooi Hawens
(Winklespruit, KZN)**

Die Direksie van die Residentia Stigting, wat binne 'n bejaardesorg omgewing funksioneer, nooi hiermee toepaslike gekwalifiseerde/ervare persone om aansoek te doen vir die pos van:

**Personeelbestuurder
(Adminburo, Pretoria)**

Stuur CV (Maksimum 3 bladsye) na Hoof Uitvoerende Beampte by wd@vdwtauditors.co.za



NA-SKOOI JEUG

Die na-skool jeug (ouderdom 18-29) word vriendelik versoek om vanoggend na die erediens en na die katkisasie-opeening voor in die kerk bymekaar te kom. Die jeugkommissie sal graag met julle gesprek wil voer en julle gedagtes wil toets rondom die wyse waarop julle as 'n groep in die gemeente bedien kan word, hetsy d.m.v. Bybelstudie, tema-aande ensovoorts. Laat solank julle gedagtes gaan en kom help ons om die na-skool jeugbediening stukrag te gee.



PREEKROOSTER VIR JULIEVAKANSIE 2011

Gesamentlike eredienste – Junie/Julie 2011 Gereformeerde Kerk Klerksdorp
en Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

*Al die eredienste is in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk
Klerksdorp-Noord.*

DATUM	OGGEND (09:30)	AAND (18:00)
26 Junie 2011	Dr. Jan Lion-Cachet	Dr. Jan Lion-Cachet
03 Julie 2011	Dr. Sarel van der Walt	Dr. Sarel van der Walt
10 Julie 2011	Dr. Sarel van der Walt	Dr. Sarel van der Walt
17 Julie 2011	Dr. Sarel van der Walt	Dr. Sarel van der Walt



GROOT WAARDERING

Namens die Diakonie 'n woord van hartlike dank aan almal in die gemeente wat die volgende bydraes gemaak het vir die Paul Kruger-Kinderhuis:

- * Handgebreide trui en slaapkousies
- * Nege eksamen-bederfhouders, gevul met lekkernye en briefies
- * Klere
- * Finansiële bydraes, vir o.a. Bybels
- * Hulp met die maak van oortreksels vir die Bybels
- * Houtkassies vir 9 seuns om hul persoonlike besittings in te bêre (byna voltooi)



DIE SUSTERS SE BREI-BLOKKIES

Baie dankie aan die klompie susters wat die afgelope Dinsdag so fluks kom help het met hierdie projek van die susters. Gaan kyk gerus op ons gemeente se Facebook bladsy vir foto's van hierdie geleentheid.



- ♦ As mense slegte dinge van jou sê, leef so dat niemand hulle glo nie.
- ♦ Maak geld jou god, en dit sal jou jou lewe lank soos die duiwel verpes.

PERSONALIA

- Voorbidding word gevra vir **br. Koos Roodt** wat baie ernstig siek is.
- Baie sterkte aan al ons **gemeentekinders en studente** met julle eksamens. Mag die Here julle ook hierdeur dra en aan julle helderheid van verstand gee om julle vraestelle suksesvol te kan afhandel.
- Ons maak met leedwese bekend dat **ds. Kosie Smit** Vrydagoggend vroeg oorlede is. Ons meegevoel aan tannie Jans en die gesin en ons bid dat ons hemelse Vader hulle sal dra en vertroos in hierdie dae. Begrafnisreëlings is nog nie bekend nie. Tannie Jans se telefoonnommer (sy woon by haar dogter, Tina): 018-468-7058



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

Sondag 12 Junie 2011

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 100:1-4	Bl. 494	Psalm 84:1 & 2	Bl.424
2.	Psalm 40:4	Bl. 205	Skrifberyming 12-2:1, 2, 3	
3.	Psalm 103:2	Bl. 504	Skrifberyming 12-3:1 & 2	
5.	Skrifberyming 8-1:1 & 2			



DIE WERKLIKE WONING WAAR JY BLY

Lees: Psalm 90:1-15

Teks: Psalm 90:1

In Psalm 90 bely Moses namens die Israeliete dat God 'n toevlug is. God is 'n skuilplek as die gevaar groot is. Dit is 'n belangrike geloofswaarheid wat Moses hier bely. Meer nog, dit is ook die antwoord op jou vraag: WAAR WOON EK? In die eerste plek woon jy nie in die Noordwes Provinsie, in Klerksdorp, in 'n sekere straat en in 'n sekere huis nie; of woon jy in Suid-Afrika nie. As jy jousef deur die geloof, hart, siel en liggaam aan God toewy, dan is Hý jou toevlug, jou skuilplek, jou woning. In Psalm 91 lees ons: "Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou" [vs.1-2]. Hierdie teks is nie net die antwoord op die vraag waar jy bly nie, dit is ook die antwoord op die vraag waar jy in die ewigheid gaan bly. Is hierdie antwoord in jou lewe volle waarheid? M.a.w. leef jy soos 'n mens wie se woning in God is? Vertoon jy in jou lewe die merktekens van God se huis of die Satan se huis? Jy sal eerlik en opreg op die vraag moet antwoord!

Dr. Nico van der Merwe



BYBELSTUDIE

1.	SONDAG 19 Junie 2011 - Hebreërbrief	
	19:00 – 20:00	In die konsistorie
2.	WOENSDAG 22 JUNIE 2011 - Lukas	
	10:00 – 11:00	In die pastorie



BEROEPE - GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

BEROEPE ONTVANG

- Dr. DF Muller van Buffeldoorns na Krugersdorp as medeleraar.
- Ds. LAS Nel van Elandskraal na Wolmaransstad.
- Ds. HV Venter van Bellville-Oos na Pinetown.

BEROEPE AANVAAR

- Ds. LJ Buys van Rustenburg-Wes na Benoni as medeleraar.
- Ds. HV Venter van Bellville-Oos na Pinetown.

BEROEPE BEDANK

- Ds. LAS Nel van Elandskraal na Wolmaransstad.
- Ds. MPA Venter van Potgietersrus-Wes na Pretoria-Wes.
- Ds. CCA Vrey van Rustenburg-Noordoos na Zeerust.



STOP DIE ROOKGEWOONTE

Is jy desperaat om op te hou rook? Skakel vir oom Peet van der Walt vir sukses: 018-468-7432



HOSPITAALBESOEKE

'n Kernspannetjie in ons gemeente is gemoeid met weeklikse roetine-hospitaalbesoeke by die hospitale in Klerksdorp. Ons soek egter nog na mense om op Donderdae en Vrydae besoekrondtes by die hospitale te doen. Enigeen wat belangstel om hulle hulp aan te bied, of eers meer inligting daaroor wil hê, kan gerus vir my kontak (018 468 6877 / 082 920 1601 / sarel@gkklersdorpnoord.co.za).



KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
12 Junie	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
19 Junie	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
26 Junie	Barmhartigheid	Sending



GEMEENTEPROGRAM

Sondag 12 Junie tot Saterdag 11 Junie 2011

Sondag 12 Junie	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 12 Junie	Katkisasie – Les 13	10:30-11:00
Sondag 12 Junie	Aanddiens	18:00-19:00
Donderdag 16 Junie	Jeugdag	
Vrydag 17 Junie	Skoolvakansiedag	



TEESKINKBEURTE

Sondag 12 Junie 2011	Wyke 16 & 17
Sondag 19 Junie 2011	Wyke 18 & 19
Sondag 26 Junie 2011	Geen teeskink



Verjaarsdae

12 Junie	Anina van der Walt	Wyk 8	018-468-6877
13 Junie	Paul Vorster	Wyk 13	018-468-3819
15 Junie	Jan de Kock	Wyk 8	018-468-6704
17 Junie	Janet Jade Verheul	Wyk 25	071-872-1683

Hartlik geluk aan elkeen van die verjaardagmense.

Mag julle 'n vrolike en gelukkige verjaarsdag hê en 'n voorspoedige nuwe lewensjaar.

TOER NA ISRAEL

Israel toer! Kom ervaar self die bekende land van die Bybel. Aros, in samewerking met Seagull Toere, bied 'n tien dae lange toer na Israel aan. Kom loop deur die strate van Nasaret, swem in die Dooie See, ontdek Jerusalem en nog vele meer. Die toer vind plaas van 11-20 Desember 2011, onder leiding van dr Wikus Buys. Vir meer inligting kontak Karin Buys by 012 332 3227 of karin.buys@aros.ac.za.

